



## Bid vir Noord-Korea

- Bid vir Noord-Korea se geheime gelowiges, dat God sal voortgaan om hulle te versterk, in hulle behoeftes sal voorsien en hulle veilig sal hou.
- Bid vir gelowiges wat in die gevangenis is. Bid vir troos en krag vir hulle, en dat hulle selfs in die tronk God se teenwoordigheid en liefde sal ken.
- Ten spyte van die risiko's, hoor ons getuienis van gelowiges wat die Evangelie met ander deel – selfs in Noord-Koreaanse strafkampe. Bid dat Noord-Koreaanse gelowiges soos ligte in die donkerste plekke op aarde sal skyn.
- Vra God om die werk van Geopende Deure se geheime netwerke in China te seën, en dat Hy wysheid en onderskeidingsvermoë sal gee aan dié wat noodleniging en samesyn aan Noord-Koreaanse gelowiges gee.

# 1 NOORD-KOREA

**“Ek vra diegene regoor die wêreld wat vir Noord-Korea bid, om te bid dat dié land die Evangelie sal hoor.”**

– Hee Yol van Noord-Korea



Totale punte  
**94%**



Druk  
**100%**



Geweld  
**66%**

**WIL JY  
MEER  
WEET?**



**Streek** Oostelike Asië

**Bevolking**  
**25 841 000**

**Christelike bevolking**  
**400 000 (Geopende Deure-beraming)**

**Meerderheidsgeloof**  
Amptelike staatsideologie van “Juche” of “nasionale selfstandigheid”

**Bronne van vervolging**  
Kommunistiese en post-Kommunistiese onderdrukking, Diktoriale paranoia